

# GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE. 2026

NUKLEUS KULTUUR

## GRAAD 11 GEDIGTE:

### WETENSKAPMAATJIES

Julle sit onder swart teleskope
en kyk na die son
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.
Pateties bepaal julle dan ligjare
en vertel dat die son as't ware
inkrimp en eendag gaan verdwyn,

Ons sit maar hoog op die windpomp
en kyk hoe die son sy kop stamp teen die rant
hoe hy bloei
hoe die vaal lug gloei
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.

Daarom liewe menere teken ek klawertjies
tussen my huiswerk, kry ek 26%

want ek luister eerder na
die verdwaalde korhaan
tussen die bossies by die tennisbaan
en kwadreer liewer my vreugdes
en vind dan die logaritmes van my hartseer
want syfers bring 'n eensaamheid
wat geen mens kan keer.

*deur Antjie Krog*



GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

**2026**

NUKLEUS KULTUUR

## DIE KLEUR VAN MY HART

my hart is geel en pienk en blou
al die kleure net vir jou
geel is die sonskyn wat jy bring
pienk is die liefde waaroor ek sing
blou is die wolke lig en vry
deel van die gevoelens wat jy los binne my

groen, rooi en pers
se skakerings woon ook hier
deel van die kleure wat my hart versier
groen gee my varsheid
met rooi wat deernis wys
en pers is die kleur van vergifnis op my lys

wit, grys en swart
is nog kleure wat ek voel
met oranje, bruin en turkoois wat diep hier binne woel
elke liewe kleur, 'n emosie net vir jou
soos 'n reënbooghart vol liefde
om veilig vas te hou

want geel is jou sonskyn
met pienk wat liefde wys
en die rooi vir jou deernis, moet pers vergifnis op die lys
jou blou vrye vreugde, die wit so mooi perfek
die grys vir kalmte en swart so sterk
met turkoois vir respek

Die kleure kom en gaan soos die dae tussen ons
maar solank as wat ek jou hier het
sal my reënbooghart bly bons
jy's my sonskyn, jy's my vars bries
jy's die een wat my verstaan
jy't my hart knus in jou hande
en die kleur sal nooit vergaan

*deur K Jooste*

**BESOEK**
**WWW.NUKLEUS.CO.ZA/KULTUUR-KOMPETISIES**
**OM IN TE SKRYF**



GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE. **2026**

NUKLEUS KULTUUR

## IS DIT GEEN WARE VREDE DIE?

Nou kyk nou so 'n messelaartjie,
nou kyk nou so 'n timmeraartjie,
so 'n vinkie! Kyk hoe bou hy,
hoe las hy en hoe vou hy
sy nessie aanmekaar,
en steur hom aan geen wêreld nie.
Is dit geen ware vrede die?

En kom meteens sy maatjie,
gou kruip hy in die gaatjie.
Eers hy, dan sy.
Hy sit dan buite 'n bietjie
en sing sy sukkelliedjie
vol knopies en vol lassies
net soos sy nes van grassies,
maar steur hom aan geen wêreld nie.
Is dit geen ware vrede die?

Ek wil die werk nie hinder.
Maar wat, dis hom ook minder!
En al die dorings van die bos? . . .
Sy nessie hang daar lekker los!
Die kat, die voëltjiesmoordenaar, –
hy maak of hy hom nie gewaar!
En gee die wind sy nes 'n swaaitjie –
hy werk maar in en om die gaatjie
en maak nog net so goed sy draaitjie.
Hy steur hom aan geen wêreld nie.
Is dit geen ware vrede die?

**BESOEK**
**WWW.NUKLEUS.CO.ZA/KULTUUR-KOMPETISIES**
**OM IN TE SKRYF**